

DASHOND - STELLETJIE



BENODIGDHEDE: Fiesta-vierdraadbregaring (50-g-bolle); ongeveer 200 g wit, 1 bol elk lig- en donkerbruin; 'n paar breinaalde van 3 mm; 45 cm rek; 3 knope.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 56 cm te pas.

SPANNING: 28 steke en 36 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs deurgaans); rif - riffelsteek (een steek regs, een steek aweregs deurgaans)

TRUI

AGTERPANT: Stel 57 ste met wit op en brei 10 rye riffelsteek.

Slaan oor na koussteek en ligbruin en brei 4 rye. Knip garing af.

Slaan oor na wit en brei 2 rye.

Slaan oor na donkerbruin en brei 4 rye. Knip garing af.

Brei voort met wit tot 50 rye voltooi is.

MOUSGATVORMING: Heg 2 steke af aan begin van volgende 2 rye en brei voort tot mousgat 30 rye lank is. Heg af.

VOORPANT: Soos agterpant tot 26 wit rye voltooi is.

Begin motief: Raadpleeg diagram (op bl.107) en brei die motief in. Brei voort tot werk so lank soos agterpant tot mousgat is.

Heg 2 steke af aan begin van volgende 2 rye en brei dan 10 rye reguit.

Heg in volgende ry die middelste 19 steke af vir hals en voltooi skouers afsonderlik.

Verminder 1 steek aan halsrand in elk van volgende 5 rye.

Brei voort tot werk 30 rye lank is vanaf mousgatvorming en heg af.

Brei tweede skouer op dieselfde manier, maar wanneer die 30 rye vanaf mousgatvorming voltooi is, moet nog 5 rye riffelsteek aangebrey word om knoopsgatlap te vorm:
1e ry: Deurgaans riffelsteek.

2e ry: Brei 2 knoopsgate in volgende ry oor 3e en 4e en 9e en 10e steek.

3e ry: Stel in die ry 2 steke op om afgehegte steke te vervang.

4e en 5e ry: Deurgaans riffelsteek. Heg af.

MOUE (2): Stel 39 steke op en brei 8 rye riffelsteek.

Slaan oor na koussteek en vermeerder 1 steek aan weerskante van elke 12e ry 3 keer.

Brei dan 16 rye reguit en heg af.

AFWERKING: Werk regterskouernaat toe en tel 101 steke uit halsrand op. Brei 1,5 cm riffelsteek en heg af. Plaas skouerrand van voorpant oor skouerrand van agterpant en werk dit dan so opmekaar aan mousgatrand vas. Werk moue in mousgate en werk mounate toe. Werk synate toe. Werk knope teenoor knoopsgate aan. Pars oor klam lap met warm yster.

STEWELTJIES

STEWELTJIES (2): Stel 41 steke op met wit en brei 4 rye riffelsteek. Brei voort in koussteek, in volgorde van 2 rye ligbruin, 2 rye wit, 2 rye donkerbruin. Knip lig- en donkerbruin af en brei voort met wit. (Verminder 1 steek aan weerskante van elke 4e ry) 4 keer — 33 steke. Brei 22 rye reguit met wit.

Brei nou 16 rye op die middelste 11 steke, plaas dus 11 steke aan weerskante op stekehousers. Tel vervolgens 8 steke uit elke sykant op en plaas al die steke op één breinaald. Begin met steke van stekehouer aan regterkant, dan die 8 steke van eerste sykant, die 11 wreefsteke, dan die 8 steke aan tweede sykant, dan die 11 steke op 2e stekehouer. Brei 1 ry aweregs.

Brei nou voort op die 49 steke, verminder 1 steek in elke alternatiewe ry aan weerskante van die middelste 11 steke, 3 keer altesaam — 43 steke bly oor.

Brei nog 5 rye koussteek op oorblywende steke.

Slaan oor na riffelsteek en brei nog 3 rye, maar verminder 1 steek aan weerskante van elke ry. Ryg steke op 'n stuk draad om dit later te kan toe maas.

AFWERKING: Vou werk dubbel en werk beennaat toe, dan die riffelstuk. Ryg 'n stuk garing deur die middelste 5 steke, trek hulle bymekaar en werk so vas.

Let Wel: Die uiteensetting van die skoentjie lyk miskien ingewikkeld, maar indien dit presies gevolg word, sal skoentjie sonder moeite toegewerk kan word.

OORPAK

EERSTE BROEKSPYP: Word aan-eengebrei. Stel met wit 100 steke op en brei 12 rye enkelrif.

Slaan oor na koussteek, brei 4 rye ligbruin, 2 rye wit, 4 rye donkerbruin. Knip lig- en donkerbruin af.

Brei dan 8 rye met wit.

Verminder 1 steek aan weerskante van volgende en elke daaropvolgende 10e ry tot 88 steke oorbly. Brei dan 10 rye reguit en plaas steke op 'n reserwenaald.

Brei die tweede broekspyp op dieselfde manier.

Voeg nou die twee stelle steke op een breinaald saam, maar stel aan weerskante van elke stel steke 1 steek op, dus, 4 steke bygevoeg vir kruis.

Brei 20 rye op die 180 steke op breinaald.

Vlg ry: Raadpleeg diagram 2 vir dashondmotief en brei motief in.

Brei voort tot werk 38 cm lank is vanaf begin.

Plaas middelste 74 steke op 'n reserwenaald en brei 16 riffelsteekrye wat 'n buis vir rek vorm, afsonderlik. Brei 2e buis op dieselfde manier.

Keer terug na steke op reserwenaald, verminder 1 steek aan weerskante van volgende 16 rye; verminder daarna 1 steek aan weerskante van 9 daaropvolgende alternatiewe rye. Plaas die oorblywende 24 steke op 'n stekehouer.

BORSSTUK-OMRANDING: Tel 30 steke uit een skuins rand op, voeg die 24 steke vanaf stekehouer op naald by, tel dan 30 steke uit tweede skuins rand op.

Brei 3 rye riffelsteek.

Vlg ry: Brei knoopsgate aan weerskante van die middelste 24 steke soos volg: Heg 3 steke af, brei 18 steke, heg nog 3 steke af en brei tot einde.

Stel in volgende ry 3 steke oor die afgehegte steke op en brei nog 3 rye riffelsteek om omranding te voltooi. Heg af.

SKOUERBANDJIES (2): Stel 11 steke op en brei 25 cm riffelsteek. Heg af.

AFWERKING: Werk beennate toe. Maak 'n buis van 1,5 cm aan onderkant van broekspyp en ryg rek deur. Werk agternaat toe. Vou riffelstroke in helfte na binnekante om en werk vas, maar werk dit ook aan kante van borsstuk-omranding vas — dit vorm 'n buis.

Werk nou die rek aan sykant van borsstuk, in die buis, vas, ryg dit aan die agterkant deur buis, en werk dit aan die ander kant van die borsstuk vas.

Werk skouerbandjies in posisie aan agterpant en werk 'n knoop aan teenoorgestelde punte sodat dit deur knoopsgat bo-aan borsstuk vasgemaak kan word. Pars met 'n klam lap en 'n warm yster. ●

DIAGRAM 1





DIAGRAM 2



SLEUTEL TOT DIAGRAMME

- — wit
- ▣ — donkerbruin

Elke blokkie stel een ry en een steek voor